Ondeund, maar slim!

Madeleine Mitchell

My oorlede Ouma het altyd na ‘n vriend van my as “ondeund” verwys. Ek het nooit werklik verstaan wat die woord beteken nie totdat ek self eendag ‘n ondeunde kyk in my dogtertjie se oë gesien het…

Ek is ‘n mamma van twee pragtige dogtertjies en is ook ‘n BabaGim Instrukteur. Nodeloos om te sê is BabaGim ‘n alledaagse gebeurtenis in ons huis. Ons masseer, stimuleer al die sintuie en versterk die spiere, maar waarby ek vandag wil uitkom is spesifiek hoe ons in BabaGim alreeds van babatjie-tyd af die brein voorberei om later krities en analities te kan planne beraam en probleme oplos.

In week 4 van die BabaGim program fokus ons spesifiek op die sintuie waarvan ons twee het, naamlik die twee ore en die twee oë en gesels ook oor die skakel tussen die sintuie, dominansie en die dinkbrein. Ons het baie aktiwiteite met my jongste gedoen om haar oë en ore te stimuleer. Ons het ore gemasseer, musiek klokkies gelui, sleutels geskud, musiek geluister, liedjies gesing en rympies opgesê. Pappa het ook baie vir haar kitaar gespeel, inteendeel sy gaan haal nou nog haar speel-speel kitaar uit en speel saam met Pappa te lekker saam.

Om haar oë te stimuleer het ons baie in die spieël gespeel, oog-kontak gemaak, allerande stories gepraat en haar verskillende voorwerpe gewys. Die BabaGim stimulasie handskoen was en is ook nou nog ‘n lekker speelding om die oë in verskillende rigtings te lei. O, ek moenie van seepborrels-blaas vergeet nie. Dit is vir hulle so lekker om nou self borrels te kan blaas, of as Mamma blaas spring hulle en probeer die borrels vang!

Deur al hierdie aktiwiteite (en nog meer) op ‘n gereelde basis te doen ontwikkel jy jou kind se dinkbrein. Die dinkbrein lei eers werklik rondom 4-11 jaar maar deur vroeë ontwikkeling & stimulasie is al die ondersteunende boublokke (naamlik fisiese-, emosionele-, en sosiale ontwikkeling), wat die dinkbrein se werk vergemaklik, in plek gestel.

So kom ons eendag by die huis en my oudste is honger, sy wil ‘n geroosterde kaasbroodjie hê. Ek het die broodjies gesmeer en in die masjien gesit om te braai en toe die broodjies gereed is, het ek dit gesny en een kant gesit om eers bietjie af te koel.

Soos dit maar in ‘n besige huishouding gaan begin ek toe bottels was. Nie lank nie toe kom daar ‘n geroep vanuit ‘n ander vertrek “Mamma, mamma!”… Oppad soontoe sien ek die broodsakkie op die teelvloer staan en toe ek om die hoek kom sit albei die sussies kiertsregop lanks mekaar op die bank. Elk met ‘n droë snytjie brood in die hand. "Wat gaan hier aan?" vra ek, oudste antwoord “sussie het vir my gebring”. Jongste, ‘n volle 19 maande oud, lig haar stukkie droë brood na my toe op, baie in haar noppies! Haar oë verklap “kyk mamma, sussie was honger en ek het ‘n plan gemaak!”

Toe ek na daardie gesiggie kyk toe hoor ek my Ouma se stem in my ore “Oooo ondeund, maar slim!”.

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2018